e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

9 Oktober 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 34

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en werkruimtes
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Kleipotte wat maklik breek

As deel van die welstandsprogram vir predikante is 'n predikanteseminaar van 28 tot 30 September by die ATKV Buffelspoort gehou. Prof Wentzel Coetzer het die seminaar gefasiliteer.

Die doel van die seminaar was om predikante bewus te maak van verskillende sake wat kan bydra tot krisisse in hul persoonlike lewens en gevolglik ook hul beroepsbevrediging kan beïnvloed. Heelwat navorsing is die afgelope 50 jaar gedoen betreffende die welstand van diegene wat dien as geestelike leiers van die kerk. Predikante voldoen soms aan verwagtinge van mense en gedurende hul vrye tyd bestee hulle baie emosionele en psigiese energie, met die gedagte dat hulle selfs meer kon doen. Dit kan sy of haar totale persoon beïnvloed en soms die onrealistiese ontnugtering skep dat hulle in die bediening en as persoon misluk het. Dit kan eskaleer en uitloop op onrealistiese verwagtinge van hulself en ander, bitterheid, woede, sinisme, negatiwiteit, geïrriteerdheid, oorreaksie op spanning, hulpeloosheid, depressie, hopeloosheid, innerlike twyfel, 'n geloofs- of roepingskrisis en valse skuldgevoelens.

Die gevare vir die bediening is egter wanneer predikante voortgaan teen 'n tempo wat hul liggaam, gees en emosies uiteindelik nie meer kan hanteer nie. Predikante beleef in 'n meerdere of mindere mate fisiese, morele, emosionele en ander uitdagings in die bediening. Van elke predikant word oor die algemeen verwag om 'n verskeidenheid rolle te vervul, en hy of sy beleef soms geweldige spanning in 'n poging om tussen die verskillende rolverwagtinge heen en weer te beweeg. Indien predikante in die bediening wil oorleef, sal hulle moet wees wat God hulle geroep het om te wees – sal hulle die masker moet afhaal en besef dat die bediening nie oor hulle gaan of oor die goedkeuring van mense nie, maar oor die verkondiging van Jesus Christus (2 Kor 4: 5, 11).

Spanning, stres, trauma, die pyn van ander, onverwerkte emosionele bagasie en onrealistiese verwagtinge – dit kan enige predikant knak. Wanneer geluister word na die verhale van vrees en pyn en lyding van lidmate, gebeur dit ook dat predikante soortgelyke vrees, pyn en lyding ervaar, juis omdat hulle vir mense omgee. Mettertyd beskou predikante ook hul wêreld al meer deur 'n *traumabril*. Predikante het al ondervind dat hulle onwillekeurig bewoë raak, huil en selfs saam met lidmate woede ervaar. *Ek assosieer dan in so 'n mate met die seer en pyn van ander dat my liggaam en gees uiteindelik knak.* Daarom, soveel te meer, moet ons sorg dat predikante die reëls nakom: enersyds besef dat daar tye is wanneer 'n predikant die tweede myl loop, en andersyds dat daar ook tye vir afsondering en rus nodig is.

Indien ons in staat wil wees om die eise van die bediening te hanteer, behoort ons voortgesette geleenthede te ontwikkel en te ondersteun sodat dit kan bydra tot die emosionele veerkragtigheid van predikante en die deurlopende ondersteuning van onderskeie rolspelers in die langtermyn ondersteuningsnetwerk. Baie dankie aan elke gemeente en kerkraad wat die predikanteseminaar ondersteun het. Predikante is die kosbare belegging vir die kerk en elke geloofsgemeenskap, daarom moet ons ons predikante en hul gesinne koester en geestelik versorg. Ons predikante is ook maar *kleipotte wat maklik breek* (2 Kor 4: 7).

Dr Rudy Denton

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN WERKRUIMTES

Beroep aanvaar

Prof Lourens Steenkamp

- **Prof LJS (Lourens) Steenkamp** (emeritus) na Makarios (deeltyds)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

Ds Suzelle Lange en Ewald van der Merwe

- **Mnr Reuben Maloka**, wat al baie jare lank by die Sinodale Kerkkantoor in Pretoria werk, **se seun** is die afgelope naweek in ’n motorongeluk oorlede. Ons bid Reuben en sy familie die Heer se troos toe in hierdie hartseer tyd.

- **Ds Suzelle Lange** van Gemeente Newlands in Johannesburg tree op Vrydag 10 Oktober in die huwelik met Ewald van der Merwe. Baie geluk!

Dr Ernest Marran en kollegas

- **Dr Ernest Marran** het op 28 September sy 25-jaar-ampsjubileum in Gemeente Losberg in Fochville gevier. **Op die foto** is dr Marran (tweede van links) saam met dr Frikkie Labuschagne wat namens die Kommissie van die AKV gelukwense oorgedra het en ook die oorhandiging van die oorkonde gedoen het. Die ander predikante op die foto is di Yolandé Benade, Jasper van der Westhuizen en Henk Calitz, almal van die ring van Losberg. Lidmate van Gemeente Waterval Boven waar dr Marran 20 jaar lank werksaam was, was ook teenwoordig.

- Lidmate van **Gemeente Koster** het op Saterdag 20 September ’n suksesvolle oggendtee aangebied en wil graag al die borge hartlik bedank. Baie dankie ook aan die predikante – di Louis Venter, Johnny Young en Rue Hopley – en lidmate van Gemeente Rustenburg-Tuine, ook vir die gebruik van die kerkgebou en saal. Mev Anneli Venter van die NHSV Hoofbestuur, mev Elmien Botha van die ADV, ds Neels van Tonder van Gemeente Buffelspoort en verskeie predikante het die geleentheid ondersteun.

- **RING VAN ROODEPOORT: ORGANISEERDER EVANGELISASIEWERK.** Die ring wag aansoeke in vir ’n evangelisasiepos teen onderhandelde vergoeding. Die suksesvolle kandidaat sal ’n teologies gegradueerde wees met ’n belangstelling in evangelisasie. ’n Nagraadse kwalifikasie in evangelisasie sal ’n aanbeveling wees. Hy/sy sal in samewerking met evangelisasiekomitees in die gemeentes van die ring van Roodepoort evangelisasie-inisiatiewe beplan en lei. Die aanstelling sal vir ’n sekere tydperk wees en sal dan geëvalueer word in terme van die daadwerklike groei wat in die gemeentes plaasgevind het. Belangstellendes kan ’n kort en toepaslike CV stuur aan die voorsitter van die ring, ds Kobus Pienaar, by **ajpienaar1@gmail.com**.

- **LOSLITDAG.** Die **ADV** sê dankie aan almal wat deel was van hierdie dag en wat die plakkers gekoop het. Die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) is dankbaar oor die R21 854,30 wat hulle ontvang het.

- Die onderhoud met **ds Gerhard Stoltz** van die ADV wat vroegoggend op 18 September op die televisieprogram *Growing Tomorrow* uitgesaai is, kan gekyk word by **www.pro21.co.za**.

Predikanteseminaar

- Die **foto hierby** is geneem tydens die **predikanteseminaar** wat van 28 tot 30 September by die ATKV Buffelspoort plaasgevind het en waaroor ons op die voorblad berig.

- Die Krugergenootskap bied op Vrydag 10 Oktober die **jaarlikse kranslegging** in die Heldeakker in Pretoria aan. **Dr Christo Pretorius** van Gemeente Pretoria sal kranse lê op die grafte van di AJ Begemann en MJ Goddefroy. Daar sal onder meer ook op die grafte van pres Paul Kruger en mev Kruger, dr EG Jansen en Jan FE Cilliers kranse gelê word.

- Gemeentes word vriendelik daaraan herinner dat die huidige boekjaar van die **Bybelgenootskap** (BSA) op 31 Oktober sluit. Bydraes aan die Bybelgenootskap moet asseblief **teen Vrydag 24 Oktober** oorbetaal word om te verseker dat dit betyds ontvang word. **Die deurkollektes van Hervormingsondag 2014 (26 Oktober) moet asseblief eers in November oorbetaal word** as die eerste bydraes vir die 2015-boekjaar. **Alle gemeentes in die RSA** word daaraan herinner dat bydraes direk oorbetaal moet word aan die Kempton Park Administratiewe Sentrum en nie aan enige ander Streekkantoor van die BSA of die ring of die Raad van Finansies nie. Gemeentes moet hul donateursnommer (soos dit in die gereelde bydraestate verskyn) as verwysing gebruik. Die mees resente state is reeds 'n geruime tyd gelede gepos maar ook onlangs per e-pos aan alle gemeentes gestuur weens die posstaking. Mev Anne-Marié Nortjé kan ook gedurende kantoorure (08:00-16:00) by 011 970 4010 geskakel word vir donateursnommers of bydraesaldo's. Die BSA se bankbesonderhede is soos volg: Bybelgenootskap van Suid-Afrika, ABSA Kempton Park, takkode 632 005, rekeningnommer 260 220 748. Bevestig asseblief alle inbetalings per faks (011 970 2506) of e-pos aan **nortje@biblesociety.co.za**. Die **bydraemikpunt** is **R40** per belydende lidmaat.

Tuki e'State

Studente-akkommodasie

Universiteit Pretoria

Gemeubileerde kamers in private koshuis en kommunes beskikbaar vir studente
Naby Universiteit, sportgronde en inkopiesentrums
Vir Afrikaanse Christenseuns en -meisies

Vanaf R2 800

+27 12 362 1192 / +27 79 500 7500 / +27 71 659 6114
E-pos: admin@tukiestate.co.za / Info: www.tukiestate.co.za

Allegaartjie

Daar is net een manier om God lief te hê: om nie 'n enkele tree sonder Hom te neem nie en om Hom manmoedig te volg waar Hy jou ook al mag lei. (Francois Fénelon)

Gedig

Nadenking

Liefde ten spyt en ondanks goeie wil
staan ek ontsteld by hierdie waarheid stil:
dat, soos geeneen wat hom nie liefhet, ék
'n skaduwee oor sy oop gesig kan trek.
Wat anders as méér liefde kan my leer
om daardie swart vermoë af te sweer?

Elisabeth Eybers
(Uit: *Einder* 1977 – in 1977 bekroon met die CNA-prys en in 1978 met die WA Hofmeyr-prys)

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 17 Oktober, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 9 Oktober: Dr WA (Wim) Dreyer (UP) en ds LJ (Sakkie) Meyer (emeritus)
  - Saterdag 11 Oktober: Ds HJM (Hennie) Breedt (emeritus)
  - Sondag 12 Oktober: Di GDJ (Gert) Macdonald (Nelspruit), BC (Barrie) Oberholzer (Zeerust) en M (Milankie) van der Walt (Namib-Suid)
  - Dinsdag 14 Oktober: Prof AC (Adriaan) Neele (Bloemfontein)
  - Donderdag 16 Oktober: Ds SS (Sonia) van Wyk (Van Warmelo)
  - Vrydag 17 Oktober: Prof JH (Jan) Barkhuizen (emeritus)

Beplande vergaderings

- Maandag 13 Oktober: Raad vir SENTIK
- Woensdag 15 Oktober: Kernkomitee Finansies en Administrasie
- Donderdag 16 Oktober: OSR Personeeldag
  ADV Dagbestuur
- Vrydag 17 Oktober: Moderamen

Kursusse en toerusting

- **Opleiding oor brugbediening**
  - **Eerste week: 13-16 Oktober 2014**
    Hoe kan gemeentes beter kerk van Christus wees?
    Inleidende sessies oor brugbediening
    Onder leiding van prof Malan Nel
    Teologiegebou, UP
  - **Tweede week: 23-27 Februarie 2015**
    Die wat, waar en hoe van brugbediening
    Christo van der Merwe, Willem Boshoff, Johan van Loggerenberg, Dolf de Beer en Howard du Toit
    Kerksentrum van Gemeente Noordoos-Pretoria

  Koste R1 570 (sommige sinodes dra hiertoe by)
  Skryf in by Palesa Medupe van die Sentrum vir Kontekstuele Bediening
  012 420 4952 / **palesa.medupe@up.ac.za**

- **Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) in November 2014**
  Net op Dinsdag 4 November
  Tema: *Kerkwees in die tyd wat aangebreek het*
  By Gemeente Pretoria-Oos, koste R200 per persoon
  Kontak mev Betsie Brits by **betsie.brits@up.ac.za** / faks 012 420 4303) / tel 012 420 5393
  Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito
  Bank: ABSA
  Naam van rekening: Kerkgeld vir Kerkwerk
  Rekeningnommer: 020 149 752
  Kode: 63 20 05
  Verwysing: 2013K VTT gevolg deur naam van kursusganger
  Predikante moet die dokument van dr Wim Dreyer – *Saam in diens: 'n Handleiding vir gemeentes wat in die voetspore van Jesus wil volg* – wat aan alle predikante gestuur is, vooraf bestudeer en saambring na die VTT. Die dokument kan aangevra word van mev Karen Breedt by **karen@nhk.co.za**.

Skryfwenke

Swak taalgebruik of taalafwykings is gewoonlik die gevolg van taal- en denkslordigheid. Dit is vorme wat nie heeltemal aanvaarbaar is as “goeie” of “gepaste” Afrikaans nie. Hierdie voorbeelde kom uit *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans* van WAM Carstens (2011).

Swak, slordige of onvanpaste taalgebruik kan onder meer veroorsaak word deur **sosiale en maatskaplike aspekte** soos die oormatige gebruik van anglisismes of sleng in formele skryfsituasies, of deur **begripsfoute**. Laasgenoemde behels dat woorde wat verkeerd begryp word, verkeerd gebruik word. Byvoorbeeld:

- As predikant doen hy baie *geestige* (= “snaakse” werk). In plaas van: As predikant doen hy baie *geestelike* (bearbeiding van die gees) werk.
- Hy *praktiseer* (= beoefen ’n beroep) ’n plan. In plaas van: Hy *prakseer* (= maak/uitdink) ’n plan.
- Ons beste wense vergesel die *heengaan* (= afsterwe) van die twee gesinne. In plaas van: ...die *vertrek* van die twee gesinne.

Soms word gedagtes herhaal sonder dat die skrywer dit besef (dus **gedagtelose pleonastiese formulerings**):

- Die *jolige* partytjie was *plesierig*.
- Die twee broers lyk *identies dieselfde*.

Waak ook teen **sinne wat onnodig lank is**, omdat die leser/hoorder later nie meer kan verstaan waaroor dit werklik gaan nie.

Swak sinsformulering ontstaan weens slordige denke en waar sekere grammatikale en semantiese beginsels verontagsaam word:

- Volkspele, sang en vleis sal gebraai word.
- Die trein snel stadig oor die brug. (*Snel* en *stadig* is op betekenisvlak onversoenbare woorde.)
- Die blomme in die kerk sal geskenk word aan diegene wat siek is ná die erediens.
- Vir diegene wat kinders het en nie daarvan weet nie, daar is kleuterkerk in ’n ander lokaal.
- Daar sal Donderdag om 17:00 ’n vergadering van die Jong Mammas-klub wees. Almal wat graag jong mammas wil word, moet eers die predikant in sy studeerkamer ontmoet.
- Johannes het ’n swart pak gedra asook die strooijonker.

Onthou: ’n Skrywer of spreker sal net sy gedagtes duidelik kan uitdruk as hy aandag skenk aan woordkeuse en sinsbou!

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Pretoria-Noord: Eisbeinfees**
  Vrydag 17 Oktober vanaf 16:00
  Ben Viljoenstraat 287, Pretoria-Noord
  R75 per persoon
  Navrae by 012 546 6445

- **Gemeente Noordwestelike Pretoria**
  Wen ’n bakkie: Nissan Champ 1997-model
  Kaartjies R20 elk, boekie met 5 kaartjies R100
  10 of meer boekies word gratis afgelewer in Pretoria
  Trekking 25 Oktober
  Kontak Johanna Scholtz by 082 928 5592
  of Piet Dreckmeier by 072 443 8831

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Fondsinsamelings**
  - **Wen 'n skootrekenaar:** Samsung Notebook NP270E5E
    R10 per kaartjie
    Kontak Tobie by 083 327 1500 / **nhksasolsuid@gmail.com**
  - **Wen 'n versamelaarsmes**
    R50 per kaartjie
    Navrae aan **nhksasolsuid@gmail.com**
  - **Koop 'n motorfiets**: Kawasaki ZZR 1100
    Ongeveer 67 500 km, goeie toestand
    R22 000 onderhandelbaar
    Vir fondsinsameling vir gemeente
    Kontak Freddie by 083 436 1402

Basaars en markte

- **Saterdag 25 Oktober 09:00-17:00: Gemeente Kempton Park-Oos**
  Kontreifees met kunstenaars Willem Botha en Monique
  Verskeie uitstallers (daar is nog plek vir uitstallers)
  Kosstalletjies en vermaak vir kinders
  Toegang: R50 per volwassene, R25 per laerskoolkind, voorskool gratis
  Navrae aan ds Anneline Geyer by 082 924 7344 / **anneline@kpo.co.za**

- **Saterdag 25 Oktober vanaf 09:00: Gemeente Noordwestelike Pretoria**
  Jaarlikse Varkmark
  Pap-en-kaiings, ribbetjies-en-aartappels, *jaffles*, kerrie-en-rys, pannekoek
  Vetkoek-en-maalvleis, varkvleisprodukte, koek, poeding en meer
  Kontak Johanna Scholtz by 082 928 5592

- **Saterdag 1 November 08:00 tot 16:00**
  Gemeente Schoemansdal (Hartbeespoort): Kersmark
  Tafels beskikbaar teen R100 elk – geen verdere koste nie
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 012 235 0146

- **Maandag 24 tot Saterdag 29 November 09:00-21:00**
  Gemeente Trichardtsfontein: Kersmark
  Prinsloostraat, Trichardt
  Unieke Kersgeskenke, deurlopende teetuin, verversings
  Springkasteel, klasse, kindertoesig, skaap te wen
  Navrae aan Marietjie Breytenbach by 072 105 6328
  of Abraham Breytenbach by 072 484 4105

- **Saterdag 29 November vanaf 14:00**
  Gemeente Greylingstad: Kersmark
  Uitstallers kan plek bespreek teen R100 per stalletjie
  Kontak Sarie Pieterse by 082 903 4336 / ds Fanie Naudé by 083 391 3151
  Greylingstad is 50 km vanaf Heidelberg op die ou Durbanroete
  Later Kersliedere by kerslig, gelei deur Nelmarie en Christaan Rabie
  Verversings te koop

ANDER NUUS

- **Ondersteuningsraad: Gholfdag te Tweefontein Gholfklub (Witbank)**
  Saterdag 11 Oktober
  Borgskappe R2 000 per putjie (putjieborge mag 'n gratis vierbal inskryf)
  Vierballe R800 of R200 per speler, wat speelfooi en halfweghuis insluit
  Kontak Christel le Roux by **christel@eventsandall.co.za** of faks 086 655 4048 of skakel 083 302 2217 tussen 09:00 en 16:00.

- **Fakulteit Teologie, UP: Dinsdag 14 Oktober 15:00-16:00**
  Gaslesing deur prof Evangelia G Dafni
  Departemente Ou- en Nuwe-Testamentiese Wetenskap
  Prof Dafni is van Thessaloníki in Griekeland
  Tema: *Die Griekse Bybel uit die perspektief van die antieke Griekse tragedies*
  Bevestig vooraf by mev Karen Esbagh by **karen.esbagh@up.ac.za**

- **Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Wes-Kaap**
  Prestige dinee vir Bybelverspreiding
  Spreker: Sakeleier Brand Pretorius oor *dienende leierskap*
  Datum: 24 Oktober 19:00 vir 19:30
  Plek: NH The Lord Charles Hotel, Somerset-Wes
  Drag: Formeel / tradisioneel
  R490 per persoon / R4 800 vir tafels van tien
  Individuele besprekings welkom
  Kontak Heila van Wyk by 082 670 2968
  of stuur 'n e-pos na **heilavw.liaison@gmail.com**

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees.** (Let asseblief op die nuwe groottevoorskrif.)

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit). (Die prys styg met ingang van Januarie 2015.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Here ons God,
wees U self nou hier by my,
sodat hierdie ’n uur van lig sal word.
Laat my in u teenwoordigheid
die hemel sien oopgaan,
sodat ’n vonkie van u lig
in my donker situasie skyn.
Ek vra dit in die Naam van u Seun,
Jesus Christus.

(Karl Barth)



Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx